



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 455

Cape Town,
Kaapstad,

31

May
Mei

2003

No. 25047

THE PRESIDENCY

No. 730

31 May 2003

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 12 of 2003: Exchange Control Amnesty and Amendment of Taxation Laws Act, 2003.

DIE PRESIDENSIE

No. 730

31 Mei 2003

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 12 van 2003: Wet op Deviese-beheeramnestie en Wysiging van Belastingwette, 2003.



AIDS HELPLINE: 0800-123-22 Prevention is the cure

Act No. 12, 2003

EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

 Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President.)
(Assented to on 30 May 2003.)

ACT

To provide for exchange control amnesty with accompanying tax measures in respect of voluntary disclosure by an applicant of any contravention of the Exchange Control Regulations or failure to comply with the provisions of the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962, to the extent that it relates to foreign assets; to amend the Transfer Duty Act, 1949, so as to adjust the rates of duty; to fix the rates of normal tax payable by persons other than companies in respect of taxable income for the years of assessment ending on 29 February 2004 and by companies in respect of taxable income for the years of assessment ending during the 12 months ending on 31 March 2004; to amend the Income Tax Act, 1962, so as to amend a definition; to further regulate the provisions relating to secrecy to provide for exchange of information between the South African Revenue Service and the South African Reserve Bank; to increase the primary and secondary rebates; to further regulate the exemption in respect of interest and foreign dividends; to increase the income threshold of small business corporations; to further regulate the secondary tax on companies where a company ceases to be a resident; to amend the Customs and Excise Act, 1964, so as to further regulate the provisions relating to secrecy to provide for exchange of information between the South African Revenue Service and the South African Reserve Bank; to increase the rate of the air passenger tax; and to amend Schedule No. 1 to the said Act and the effective date thereof; to amend the Stamp Duties Act, 1968, so as to delete a definition and to amend a definition; to abolish stamp duty on certain instruments; and to effect certain consequential amendments; to amend the South African Reserve Bank Act, 1989, so as to further regulate the provisions relating to secrecy to provide for exchange of information between the South African Reserve Bank and the South African Revenue Service; to amend the Value-Added Tax Act, 1991, so as to increase the threshold of rental income in the definition of "commercial accommodation"; to further regulate the provisions relating to secrecy to provide for exchange of information between the South African Revenue Service and the South African Reserve Bank; to amend the Tax on Retirement Funds Act, 1996, so as to reduce the rate at which the tax on retirement funds is imposed; to provide for the continuation of amendments to the Schedules to the Customs and Excise Act, 1964; to provide for a short title and commencement date of this Act; and to provide for matters connected therewith.

WET OP DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN
WYSIGING VAN BELASTINGWETTE, 2003

Wet No. 12, 2003

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skappings uit, bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 30 Mei 2003.)

WET

Ten einde voorsiening te maak vir deviesebeheeramnestie met meegaande belastingmaatreëls ten opsigte van vrywillige openbaarmaking deur 'n applikant van enige oortreding van die Deviesebeheerregulasies of versuim om aan die bepalings van die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, te voldoen in die mate wat dit op buitelandse bates betrekking het; tot wysiging van die Wet op Hereregte, 1949, ten einde die skale van reg aan te pas; die skale van normale belasting betaalbaar deur persone behalwe maatskappye ten opsigte van belasbare inkomste vir die jare van aanslag eindigende 29 Februarie 2004 en deur maatskappye ten opsigte van belasbare inkomste vir die jare van aanslag eindigende gedurende die 12 maande wat op 31 Maart 2004 eindig, vas te stel; tot wysiging van die Inkomstebelastingwet, 1962, ten einde 'n woordomskrywing te wysig; die bepalings met betrekking tot geheimhouding verder te reël om vir die uitruil van inligting tussen die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en die Suid-Afrikaanse Reserwebank voorsiening te maak; die primêre en sekondêre kortings te verhoog; die vrystelling ten opsigte van rente en buitelandse dividende verder te reël; die inkomstedrempel van kleinsakekorporasies te verhoog; die sekondêre belasting op maatskappye verder te reël waar 'n maatskappy ophou om 'n inwoner te wees; tot wysiging van die Doeane- en Aksynswet, 1964, ten einde die bepalings met betrekking tot geheimhouding verder te reël om vir die uitruil van inligting tussen die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en die Suid-Afrikaanse Reserwebank voorsiening te maak; die skaal van die lugpassasiersbelasting te verhoog; en Bylae No. 1 by genoemde Wet en die effektiewe datum daarvan te wysig; tot wysiging van die Wet op Seëlregte, 1968, ten einde 'n woordomskrywing te skrap en 'n woordomskrywing te wysig; seëlreg op sekere instrumente af te skaf; en sekere gevolglike wysigings aan te bring; tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1989, ten einde die bepalings met betrekking tot geheimhouding verder te reël om vir die uitruil van inligting tussen die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorsiening te maak; tot wysiging van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, ten einde die drempel van huurinkomste in die omskrywing van "kommersiële huisvesting" te verhoog; die bepalings met betrekking tot geheimhouding verder te reël om vir die uitruil van inligting tussen die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en die Suid-Afrikaanse Reserwebank voorsiening te maak; tot wysiging van die Wet op Belasting op Uittreefondse, 1996, ten einde die skaal waarteen belasting op uittreefondse gehê word te verlaag; en vir die voortdurende wysigings aan die Bylaes by die Doeane- en Aksynswet, 1964, voorsiening te maak; ten einde vir 'n kort titel en datum van inwerkingtreding van hierdie Wet voorsiening te maak; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan voorsiening te maak.

**Act No. 12, 2003 EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003**

PREAMBLE

RECOGNISING that the objectives of the exchange control amnesty and accompanying tax measures are—

- (a) to enable violators of Exchange Control Regulations and certain tax Acts to regularise their affairs in respect of foreign assets attributable to those violations;
- (b) to ensure maximum disclosure of foreign assets and to facilitate repatriation thereof to the Republic; and
- (c) to extend the tax base by disclosing previously unreported foreign assets.

BE IT THEREFORE ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

INDEX

Section

CHAPTER I

5

**EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND ACCOMPANYING TAX
MEASURES**

Part A

Definitions, Administration and Application

1. Definitions 10
2. Administration of Chapter
3. Persons who may apply for exchange control or tax relief in terms of amnesty
4. Special rules for donors to discretionary trust

Part B

Application, Evaluation and Approval Process

5. Application for amnesty and period for application
6. Required information for application by applicant
7. Statement of foreign assets and liabilities for tax relief
8. Required information for application by facilitator
9. Evaluation and approval 20
10. Circumstances where amnesty unit may not grant approval

Part C

Exchange Control Relief in terms of Amnesty

11. Imposition of exchange control amnesty levy
12. Amount of exchange control amnesty levy 25
13. Payment of exchange control amnesty levy
14. Exchange Control Relief

Part D

Tax Relief in terms of Amnesty

15. Exemption for undeclared foreign income 30
16. Imposition and payment of domestic tax amnesty levy
17. Exemption for undeclared amounts arising in Republic
18. Circumstances where tax relief does not apply
19. Disallowance of deductions, allowances, losses and rebates

WET OP DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN
WYSIGING VAN BELASTINGWETTE, 2003

Wet No. 12, 2003

AANHEF

IN ERKENNING daarvan dat die deviesebeheeramnestie en meegaande belastingmaatreëls ten doel het—

- (a) om oortreders van die Deviesebeheerregulasies en sekere belastingwette in staat te stel om hulle sake ten opsigte van buitelandse bates wat aan daardie oortredings toeskryfbaar is, reg te stel;
- (b) om maksimum openbaarmaking van buitelandse bates te verseker en repatriasie daarvan na die Republiek te fasiliteer; en
- (c) om die belastingbasis uit te brei deur voorheen onverklaarde buitelandse bates te openbaar,

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

INDEKS

Artikel

HOOFSTUK I

5

DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN MEEGAANDE BELASTINGMAATREËLS*Deel A**Woordomskrywing, Administrasie en Toepassing*

- 1. Woordomskrywing
- 2. Administrasie van Hoofstuk
- 3. Persone wat om deviesebeheer- of belastingverligting ingevolge amnestie kan aansoek doen
- 4. Spesiale reëls vir skenkers aan diskresionêre trust

10

*Deel B**Aansoek, Evaluering en Goedkeuringsproses*

15

- 5. Aansoek om amnestie en tydperk vir aansoek
- 6. Vereiste inligting vir aansoek deur applikant
- 7. Staat van buitelandse bates en verpligtinge vir belastingverligting
- 8. Vereiste inligting vir aansoek deur fasiliteerder
- 9. Evaluering en goedkeuring
- 10. Omstandighede waar amnestie-eenheid nie goedkeuring mag verleen nie

20

*Deel C**Deviesebeheerverligting ingevolge Amnestie*

- 11. Oplegging van deviesebeheeramnestie-heffing
- 12. Bedrag van deviesebeheeramnestie-heffing
- 13. Betaling van deviesebeheeramnestie-heffing
- 14. Deviesebeheerverligting

25

*Deel D**Belastingverligting ingevolge Amnestie*

- 15. Vrystelling vir onverklaarde buitelandse inkomste
- 16. Oplegging en betaling van plaaslike belastingamnestieheffing
- 17. Vrystelling vir onverklaarde bedrae wat in Republiek ontstaan
- 18. Omstandighede waar belastingverligting nie van toepassing is nie
- 19. Nie-toelating van aftrekkings, verminderings, verliese en kortings

30

**Act No. 12, 2003 EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003**

Part E

Invalidity of Approval and Review of Decision

20. Invalidity of approval
21. Objection against decision of amnesty unit

Part F

5

Establishment and Procedures relating to Amnesty Unit

22. Establishment
23. Constitution
24. Powers, functions and duties
25. Disclosure of interest 10
26. Records, provision and use of information
27. Termination of existence of amnesty unit

Part G

Miscellaneous

28. Limitation for purposes of Income Tax Act 15
29. Reporting
30. Regulations

CHAPTER II

GENERAL AMENDMENTS TO TAXATION LAWS

31. Amendment of Act 40 of 1949 20
32. Fixing of rates of normal tax in terms of Act 58 of 1962
33.–38. Amendment of Act 58 of 1962
39.–41. Amendment of Act 91 of 1964
42.–45. Amendment of Act 77 of 1968
46. Amendment of Act 90 of 1989 25
47.–48. Amendment of Act 89 of 1991
49. Amendment of Act 38 of 1996
50. Continuation of certain amendments of Schedules Nos. 1 to 6 and 8 to Act 91 of 1964
51. Short title and commencement 30
Schedule 1
Schedule 2

CHAPTER I

**EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND ACCOMPANYING TAX
MEASURES**

35

Part A

Definitions, Administration and Application

Definitions

1. For purposes of this Chapter, unless the context indicates otherwise, any meaning ascribed to any word or expression in section 1 of the Income Tax Act, 1962, must bear the meaning so ascribed, and—

- “amnesty unit” means the amnesty unit established in terms of section 22;
“applicant” means any person contemplated in section 3(1)(a) or (b);
“application” means the application contemplated in section 5;
“authorised dealer” means an authorised dealer as defined in the Exchange Control Regulations; 45

WET OP DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN
WYSIGING VAN BELASTINGWETTE, 2003

Wet No. 12, 2003

Deel E**Ongeldigheid van Goedkeuring en Hersiening van Beslissing**

- 20. Ongeldigheid van goedkeuring
- 21. Beswaar teen beslissing van amnestie-eenheid

Deel F

5

Instelling en Prosedures wat met Amnestie-eenheid verband hou

- 22. Instelling
- 23. Samestelling
- 24. Bevoegdhede, funksies en pligte
- 25. Openbaarmaking van belang
- 26. Rekords, voorsiening en gebruik van inligting
- 27. Beëindiging van bestaan van amnestie-eenheid

10

Deel G**Diverse**

- 28. Beperking by toepassing van Inkomstebelastingwet
- 29. Verslagdoening
- 30. Regulasies

15

HOOFSTUK II**ALGEMENE WYSIGINGS AAN BELASTINGWETTE**

- 31. Wysiging van Wet 40 van 1949
- 32. Vaststelling van skale van normale belasting ingevolge Wet 58 van 1962
- 33.–38. Wysiging van Wet 58 van 1962
- 39.–41. Wysiging van Wet 91 van 1964
- 42.–45. Wysiging van Wet 77 van 1968
- 46. Wysiging van Wet 90 van 1989
- 47.–48. Wysiging van Wet 89 van 1991
- 49. Wysiging van Wet 38 van 1996
- 50. Voortdoring van sekere wysigings van Bylaes Nos. 1 tot 6 en 8 by Wet 91 van 1964
- 51. Kort titel en inwerkingtreding

20

25

30

Bylae 1
Bylae 2

HOOFSTUK I**DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN MEEGAANDE BELASTINGMAATREËLS****Deel A**

35

Woordoms krywing, Administrasie en Toepassing**Woordoms krywing**

1. By die toepassing van hierdie Hoofstuk, tensy uit die samehang anders blyk, dra enige woord of uitdrukking waaraan in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962, 'n betekenis toegeskryf is, die betekenis aldus toegeskryf en beteken—

40

“aansoek” die aansoek in artikel 5 beoog;

“amnestie-eenheid” die amnestie-eenheid ingevolge artikel 22 ingestel;

“applikant” ’n persoon in artikel 3(1)(a) of (b) beoog;

“Boedelbelastingwet, 1955” die Boedelbelastingwet, 1955 (Wet No. 45 van 1955);

**Act No. 12, 2003: EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003**

“Commissioner” means the Commissioner for the South African Revenue Service appointed in terms of section 13 of the South African Revenue Service Act, 1997 (Act No. 34 of 1997);

“date of approval” means the date on which the notice of approval was delivered by the amnesty unit to the applicant as contemplated in section 9(6);

“deliver”, in relation to a document, means—

- (a) handing that document to the relevant person;
- (b) sending that document to the relevant person by registered post to that person’s last known address, which may be his or her last known place of residence, office, place of business or post office box number;

(c) transmitting that document to the relevant person by facsimile; or

(d) transmitting that document to the relevant person by electronic means:

Provided that in the case of paragraphs (c) and (d), the document must be handed to the relevant person or sent by registered post to that person as contemplated in paragraph (b), within ten days of it being so transmitted by facsimile or electronic means;

“domestic tax amnesty levy” means the levy imposed in terms of section 16;

“Estate Duty Act, 1955” means the Estate Duty Act, 1955 (Act No. 45 of 1955);

“exchange control amnesty levy” means the levy imposed in terms of section 11;

“Exchange Control Regulations” means the Exchange Control Regulations, 1961, issued in terms of section 9 of the Currency and Exchanges Act, 1933 (Act No. 9 of 1933);

“facilitator” means a person contemplated in section 3(1)(c);

“foreign asset” means—

- (a) any funds held in foreign currency; and
- (b) any asset transferred from or accumulated outside the Republic, but does not include any foreign bearer instrument;

“foreign bearer instrument” means a financial instrument issued by a person who is not a resident where the identity of the beneficial owner thereof cannot be determined by reference to either that instrument or the person who issued that financial instrument, but does not include an instrument if the beneficial owner can prove that the financial instrument is derived from that beneficial owner’s own funds which had been held for a period of at least 18 months prior to the acquisition of that financial instrument;

“General Manager” means the General Manager of the Exchange Control Department of the South African Reserve Bank or any person to whom the powers, functions and duties have been delegated by the Minister in terms of the Exchange Control Regulations;

“Governor” means the person appointed as the Governor of the South African Reserve Bank under section 4 or 6(1)(a) of the South African Reserve Bank Act, 1989 (Act No. 90 of 1989);

“held”, “hold” or “holding” in relation to a foreign asset means direct beneficial ownership in that foreign asset, and includes a deemed holding of that foreign asset in terms of section 4;

“Income Tax Act, 1962” means the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962);

“leviable amount” means the leviable amount contemplated in section 11(2);

“market value” in relation to a foreign asset of a person, means the market value as contemplated in paragraph 31 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962;

“Minister” means the Minister of Finance;

“related party” in relation to an applicant means—

- (a) a company, none of the shares or interests of which is held by any person other than—
 - (i) that applicant; or
 - (ii) in the case where the applicant is a natural person, by that applicant or relatives of that applicant; or
- (b) a trust or deceased estate of which the applicant is a beneficiary;

WET OP DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN
WYSIGING VAN BELASTINGWETTE, 2003

Wet No. 12, 2003

“buitelandse bate” enige—

(a) fondse in buitelandse geldeenheid gehou; en

(b) bate oorgeplaas vanuit of geakkumuleer buite die Republiek,

maar sluit nie enige buitelandse toonderinstrument in nie;

“buitelandse toonderinstrument” ’n finansiële instrument uitgereik deur ’n persoon 5

wat nie ’n inwoner is nie waar die identiteit van die voordelige eienaar daarvan nie

met verwysing na óf daardie instrument óf die persoon wat daardie finansiële

instrument uitgereik het, vasgestel kan word nie, maar sluit nie in nie ’n instrument

waar die voordelige eienaar kan bewys dat die finansiële instrument verkry is uit

daardie voordelige eienaar se eie fondse wat vir ’n tydperk van minstens 18 maande 10

voor die verkryging van daardie finansiële instrument gehou is;

“datum van goedkeuring” die datum waarop die kennisgewing van goedkeuring

deur die amnestie-eenheid aan die applikant gelewer is soos in artikel 9(6) beoog;

“deviesebeheeramnestie-heffing” die heffing ingevolge artikel 11 opgelê;

“Deviesebeheerregulasies” die Deviesebeheerregulasies, 1961, uitgereik 15

ingevolge artikel 9 van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet No.

9 van 1933);

“fasiliteerder” ’n persoon in artikel 3(1)(c) beoog;

“gemagtigde handelaar” ’n gemagtigde handelaar in die Deviesebeheerregulasies

omskryf; 20

“hefbare bedrag” die hefbare bedrag in artikel 11(2) beoog;

“Hoofbestuurder” die Hoofbestuurder van die Departement Deviesebeheer van

die Suid-Afrikaanse Reserwebank of enige persoon aan wie die bevoegdhede,

funksies en pligte deur die Minister ingevolge die Deviesebeheerregulasies

gedelegeer is; 25

“hou” of “gehou”, met betrekking tot ’n buitelandse bate, regstreekse voordelige

eienaarskap van daardie buitelandse bate, en ook ’n buitelandse bate wat ingevolge

artikel 4 geag word gehou te wees;

“Inkomstebelastingwet, 1962” die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van

1962); 30

“inwoner”—

(a) vir doeleindes van belastingaangeleenthede, ’n inwoner soos in artikel 1 van

die Inkomstebelastingwet, 1962, omskryf; en

(b) vir doeleindes van deviesebeheeraangeleenthede, ’n persoon hetsy van

Suid-Afrikaanse of ander nasionaliteit, wat in die Republiek woonagtig of 35

gedomisileer is by die toepassing van die Deviesebeheerregulasies;

“Kommissaris” die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

ingevolge artikel 13 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet

No. 34 van 1997), aangestel;

“lewer”, met betrekking tot ’n dokument— 40

(a) die oorhandiging van daardie dokument aan die betrokke persoon;

(b) die versending van daardie dokument aan die betrokke persoon per

geregistreerde pos na daardie persoon se laaste bekende adres, wat sy of haar

laaste bekende woonplek, kantoor, plek van besigheid of posbusadres kan

wees; 45

(c) die versending van daardie dokument aan die betrokke persoon per

faksimile; of

(d) die elektroniese versending van daardie dokument aan die betrokke persoon:

Met dien verstande dat in die geval van paragrafe (c) en (d), die dokument aan die

betrokke persoon oorhandig moet word of per geregistreerde pos aan daardie 50

persoon versend moet word soos in paragraaf (b) beoog binne tien dae nadat dit

aldus per faksimile of elektronies versend is;

“markwaarde”, met betrekking tot ’n buitelandse bate van ’n persoon, die

markwaarde soos in paragraaf 31 van die Agtste Bylae by die Inkomste-

belastingwet, 1962, beoog; 55

“Minister” die Minister van Finansies;

“ongemagtigde bate” enige buitelandse bate wat as buitelandse bates

geakkumuleer of vanuit die Republiek oorgeplaas is strydig met die

Deviesebeheerregulasies;

“onregmatige aktiwiteit” enige onregmatige aktiwiteit soos in die Wet op die 60

Voorkoming van Georganiseerde Misdad, 1998 (Wet No. 121 van 1998), omskryf,

behalwe—

Act No. 12, 2003 EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003

“resident” means—

- (a) for purposes of tax matters, a resident as defined in section 1 of the Income Tax Act, 1962; and
- (b) for purposes of exchange control matters, a person whether of South African or other nationality, who has taken up residence or is domiciled in the Republic, for purposes of the Exchange Control Regulations; 5

“South African Revenue Service” means the South African Revenue Service established in terms of the South African Revenue Service Act, 1997 (Act No. 34 of 1997); 10

“unauthorised asset” means any foreign asset which was accumulated as foreign assets or transferred from the Republic in contravention of the Exchange Control Regulations; and

“unlawful activity” means an unlawful activity as defined in the Prevention of Organised Crime Act, 1998 (Act No. 121 of 1998), other than—

- (a) any exchange control contravention or failure to comply with the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962; or 15
- (b) any activity constituting a misrepresentation or non-disclosure that was necessary to facilitate the contravention or failure contemplated in paragraph (a).

Administration of Chapter

20

2. The amnesty process of this Chapter is administered by the Chairperson of the amnesty unit.

Persons who may apply for exchange control or tax relief in terms of amnesty

3. (1) The following persons who are resident on 28 February 2003 may apply for amnesty in terms of this Chapter: 25

- (a) Any natural person (including the deceased estate of a natural person), a close corporation or trust, holding any foreign asset on 28 February 2003, the value of which has been wholly or partly derived from any unauthorised asset;
- (b) Any natural person (including the deceased estate of a natural person), a close corporation or trust, holding any foreign asset on 28 February 2003, the value of which has been wholly or partly derived from any amount that was not declared to the Commissioner as required in terms of the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962; and 30
- (c) Any natural person (including the deceased estate of a natural person) or any related party in relation to an applicant contemplated in paragraph (a), which on or before 28 February 2003 assisted that applicant (otherwise than solely in an advisory capacity)— 35
 - (i) by accumulating foreign assets; or
 - (ii) by transferring funds or assets from the Republic, for the benefit of that applicant in a manner that involves either any contravention of the Exchange Control Regulations or a failure to comply with the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962, and those foreign assets, funds or assets are no longer held by that natural person or related party. 40

(2) This Chapter does not apply in respect of any amount not declared to the Commissioner or any failure to comply with the requirements of the Income Tax Act, 1962, as contemplated in subsection (1)(b) and (c) where that amount constitutes, or that failure relates to— 45

- (a) an amount withheld or deducted by the natural person, close corporation, trust or facilitator, as the case may be, from an employee in terms of paragraph 2 of the Fourth Schedule to the Income Tax Act, 1962; or 50
- (b) an amount of withholding tax on royalties which must be paid to the Commissioner in terms of section 35 of the Income Tax Act, 1962.

WET OP DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN
WYSIGING VAN BELASTINGWETTE, 2003

Wet No. 12, 2003

- (a) enige deviesebeheeroortreding of versuim om aan die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, te voldoen; of
- (b) enige aktiwiteit wat 'n wanvoorstelling of nie-openbaring uitmaak wat noodsaaklik was om die oortreding of versuim in paragraaf (a) beoog te fasiliteer; 5
- “plaaslike belastingamnestieheffing” die heffing ingevolge artikel 16 opgelê;
- “President” die persoon as President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank aangestel kragtens artikel 4 of 6(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1989 (Wet No. 90 van 1989);
- “Suid-Afrikaanse Inkomstediens” die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet No. 34 van 1997), ingestel; en 10
- “verwante party”, met betrekking tot 'n applikant—
- (a) 'n maatskappy waar geen van die aandele of belange daarin gehou word nie deur 'n persoon behalwe— 15
 - (i) daardie applikant; of
 - (ii) indien daardie applikant 'n natuurlike persoon is, daardie applikant of familieledede van daardie applikant; of
- (b) 'n trust of bestorwe boedel ten aansien waarvan die applikant 'n begunstigde is. 20

Administrasie van Hoofstuk

2. Die amnestieproses van hierdie Hoofstuk word deur die Voorsitter van die amnestie-eenheid geadministreer.

Persone wat om deviesebeheer- of belastingverligting ingevolge amnestie kan aansoek doen 25

3. (1) Die volgende persone wat op 28 Februarie 2003 inwoners is, kan om amnestie ingevolge hierdie Hoofstuk aansoek doen:

- (a) 'n Natuurlike persoon (waarby ingesluit die bestorwe boedel van 'n natuurlike persoon), 'n beslote korporasie of trust, wat op 28 Februarie 2003 'n buitelandse bate gehou het waarvan die waarde in geheel of gedeeltelik uit 'n ongemagtigde bate verkry is; 30
- (b) 'n Natuurlike persoon (waarby ingesluit die bestorwe boedel van 'n natuurlike persoon), 'n beslote korporasie of trust, wat op 28 Februarie 2003 'n buitelandse bate gehou het waarvan die waarde in geheel of gedeeltelik uit 'n bedrag verkry is wat nie aan die Kommissaris verklaar is nie, soos ingevolge die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, vereis word; en 35
- (c) 'n Natuurlike persoon (waarby ingesluit die bestorwe boedel van 'n natuurlike persoon) of 'n verwante party met betrekking tot 'n applikant in paragraaf (a) beoog, wat voor of op 28 Februarie 2003 daardie applikant bygestaan het (anders as uitsluitlik in 'n adviserende hoedanigheid)— 40
 - (i) deur buitelandse bates te akkumuleer; of
 - (ii) deur fondse of bates vanuit die Republiek oor te plaas, vir die voordeel van daardie applikant op 'n wyse wat óf 'n oortreding van die Deviesebeheerregulasies óf 'n versuim om aan die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, te voldoen, behels en daardie buitelandse bates, fondse of bates nie meer deur daardie natuurlike persoon of verwante party gehou word nie. 45

(2) Hierdie Hoofstuk is nie van toepassing nie ten opsigte van enige bedrag wat nie aan die Kommissaris verklaar is nie of enige versuim om aan die vereistes van die Inkomstebelastingwet, 1962, te voldoen, soos in subartikel (1)(b) en (c) beoog, waar daardie bedrag 'n bedrag uitmaak of daardie versuim verband hou met— 50

- (a) 'n bedrag deur daardie natuurlike persoon, beslote korporasie, trust of fasiliteerder, na gelang van die geval, teruggehou of afgetrek van 'n werknemer ingevolge paragraaf 2 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962; of 55
- (b) 'n bedrag van terughoudingsbelasting op tantième wat aan die Kommissaris betaal moet word ingevolge artikel 35 van die Inkomstebelastingwet, 1962.

**Act No. 12, 2003 EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003**

Special rules for donors to discretionary trust

4. (1) A person who is a donor (or the deceased estate of a donor) in relation to a discretionary trust which is not a resident, may elect that any foreign asset contemplated in subsection (2), which was held by that discretionary trust on 28 February 2003, must be deemed to be held by that person. 5
- (2) Subsection (1) applies in respect of a foreign asset of a discretionary trust which—
- (a) was acquired by that discretionary trust by way of a donation made by the person contemplated in subsection (1);
 - (b) has been wholly or partly derived from any unauthorised asset or from any amount not declared by that donor to the Commissioner as required by the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962; and 10
 - (c) has not at the time of that election vested in any beneficiary of that discretionary trust.
- (3) Where a person has made an election as contemplated in subsection (1) in relation to a foreign asset— 15
- (a) that person must be deemed to have held that foreign asset—
 - (i) for purposes of this Chapter, from the date that the discretionary trust acquired that foreign asset; and
 - (ii) for the purposes of the Income Tax Act, 1962, from the first day of the last year of assessment ending on or before 28 February 2003, 20
 until that foreign asset is disposed of by that discretionary trust to any other person, in which case that person shall be deemed to have disposed of that foreign asset for consideration equal to its market value on the date of disposal; and
 - (b) the provisions of sections 7(5), 7(8) and 25B of the Income Tax Act, 1962, and paragraphs 70, 72 and 80 of the Eighth Schedule to that Act, shall not apply in respect of any income, expenditure or capital gain relating to that foreign asset, while it is so deemed to be held by that person. 25
- (4) In order to make the election contemplated in subsection (1), the person must submit the founding document of the discretionary trust as at 28 February 2003 with the application in terms of section 5. 30

Part B

Application, Evaluation and Approval Process

Application for amnesty and period for application

5. An applicant or facilitator applying for amnesty contemplated in this Chapter must submit an application by way of a sworn affidavit or solemn declaration which must be delivered to the amnesty unit during the period commencing 1 June 2003 and ending 30 November 2003, at the address and in the form and manner as may be prescribed by the amnesty unit. 35

Required information for application by applicant 40

6. (1) An applicant contemplated in section 3(1)(a) who applies for exchange control relief, as contemplated in Part C, in respect of any foreign asset which is held by that applicant on 28 February 2003 wholly or partly in contravention of the Exchange Control Regulations, must—
- (a) disclose the market value on that date of that foreign asset in the foreign currency of the country in which that foreign asset is situated; 45
 - (b) include a description of the identifying characteristics and the location of that foreign asset;
 - (c) submit in respect of the market value in foreign currency of that foreign asset— 50
 - (i) a valuation certificate by a valuator of the country where that foreign asset is located;

Spesiale reëls vir skenkers aan diskresionêre trust

4. (1) 'n Persoon wat 'n skenker (of die bestorwe boedel van 'n skenker) is met betrekking tot 'n diskresionêre trust wat nie 'n inwoner is nie, kan 'n keuse uitoefen dat 'n buitelandse bate in subartikel (2) beoog, wat op 28 Februarie 2003 deur daardie diskresionêre trust gehou is, geag word deur daardie persoon gehou te wees. 5

(2) Subartikel (1) is van toepassing ten opsigte van 'n buitelandse bate van 'n diskresionêre trust wat—

- (a) deur daardie diskresionêre trust verkry is by wyse van 'n skenking gemaak deur die persoon in subartikel (1) beoog; 10
- (b) in geheel of gedeeltelik verkry is uit enige ongemagtigde bate of van enige bedrag wat nie deur daardie skenker aan die Kommissaris verklaar is nie soos deur die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, vereis word; en 15
- (c) op die tydstip waarop daardie keuse uitgeoefen is nie in enige begunstigde van daardie diskresionêre trust gevestig het nie. 15

(3) Waar 'n persoon 'n keuse met betrekking tot 'n buitelandse bate uitgeoefen het soos in subartikel (1) beoog—

- (a) word daardie persoon geag daardie buitelandse bate te gehou het—
 - (i) by die toepassing van hierdie Hoofstuk, vanaf die datum wat die diskresionêre trust daardie buitelandse bate verkry het; en 20
 - (ii) by die toepassing van die Inkomstebelastingwet, 1962, vanaf die eerste dag van die laaste jaar van aanslag wat voor of op 28 Februarie 2003 eindig, 20

tot daardie diskresionêre trust oor daardie buitelandse bate beskik aan 'n ander persoon, in welke geval daardie persoon geag word oor daardie buitelandse bate te beskik het vir 'n teenprestasie gelykstaande aan die markwaarde op die datum van beskikking; en 25

- (b) is die bepalings van artikels 7(5), 7(8) en 25B van die Inkomstebelastingwet, 1962, en paragrawe 70, 72 en 80 van die Agtste Bylae by daardie Wet, nie van toepassing nie ten opsigte van enige inkomste, onkoste of kapitaalwins met betrekking tot daardie buitelandse bate, terwyl dit aldus geag word deur daardie persoon gehou te word. 30

(4) Ten einde 'n keuse in subartikel (1) beoog te maak, moet die persoon die stigtingsdokument van die diskresionêre trust soos op 28 Februarie 2003 tesame met die aansoek ingevolge artikel 5 indien. 35

Deel B**Aansoek, Evaluering en Goedkeuringsproses****Aansoek om amnestie en tydperk vir aansoek**

5. 'n Applikant of fasiliteerder wat om amnestie in hierdie Hoofstuk beoog aansoek doen, moet 'n aansoek by wyse van 'n eedsverklaring of bevestigende verklaring indien wat aan die amnestie-eenheid gelewer moet word gedurende die tydperk wat op 1 Junie 2003 'n aanvang neem en op 30 November 2003 eindig, by die adres en in die vorm en op die wyse wat die amnestie-eenheid voorskryf. 40

Vereiste inligting vir aansoek deur applikant

6. (1) 'n Applikant in artikel 3(1)(a) beoog, wat vir deviesebeheerverligting soos in Deel C beoog ten opsigte van 'n buitelandse bate wat op 28 Februarie 2003 geheel of gedeeltelik deur daardie applikant in stryd met die Deviesebeheerregulasies gehou word, aansoek doen, moet— 45

- (a) die markwaarde op daardie datum van daardie buitelandse bate in buitelandse geldeenheid van die land waar daardie buitelandse bate geleë is, verklaar; 50
- (b) 'n beskrywing van die identifiserende eienskappe en ligging van daardie buitelandse bate insluit;
- (c) ten opsigte van die markwaarde in buitelandse geldeenheid van daardie buitelandse bate—
 - (i) 'n waardasiesertifikaat deur 'n waardeerder van die land waar daardie buitelandse bate geleë is, indien; 55

**Act No. 12, 2003 EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003**

- (ii) a valuation by a sphere of government of the country where that foreign asset is located;
 - (iii) which constitutes a financial instrument, an original or certified copy of a statement of account indicating the balance or market value as at 28 February 2003; or 5
 - (iv) any other form of proof of value of that foreign asset as the amnesty unit may on good cause shown allow.
- (2) An applicant contemplated in section 3(1)(b) who applies for the tax relief in respect of foreign income, as contemplated in section 15, must—
- (a) disclose the receipts and accruals for the last year of assessment of that applicant ending on or before 28 February 2003, which relate to any foreign asset held by that applicant on 28 February 2003, the value of which has been wholly or partly derived from receipts or accruals from a source outside the Republic that were not declared to the Commissioner in any previous year of assessment, as required by the Income Tax Act, 1962; and 10 15
 - (b) include a description of the identifying characteristics and the location of that foreign asset.
- (3) An applicant contemplated in section 3(1)(b) who applies for the domestic tax relief, as contemplated in section 17, must—
- (a) disclose the amounts that were not declared to the Commissioner, as required by the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962, (other than receipts and accruals contemplated in subsection (2)(a)), to the extent that those amounts were accumulated as or converted to foreign assets; 20
 - (b) disclose the dates on which those amounts were initially accumulated as or converted to foreign assets; and 25
 - (c) submit documentary proof of those dates and those amounts which were accumulated as or converted to foreign assets after 28 February 1998.
- (4) An applicant contemplated in subsections (1), (2) and (3) must confirm in the application that no foreign asset or foreign bearer instrument held by that applicant on 28 February 2003 was derived wholly or partly from the proceeds of any unlawful 30 activities.

Statement of foreign assets and liabilities for tax relief

7. (1) An applicant contemplated in section 6(2) and (3) applying for tax relief contemplated in Part D, must attach to the application a statement of assets and liabilities as at the last day of the last year of assessment ending on or before 28 February 2002, in respect of all disclosed foreign assets and liabilities of that applicant outside the Republic, reflecting all such foreign assets at both historic cost and estimated market value in the foreign currency of the country in which that foreign asset is situated or liability is incurred. 35
- (2) Where an applicant fails to comply with subsection (1), the Commissioner may, for purposes of the Income Tax Act, 1962, estimate the historic cost and market value of all foreign assets and the amount of liabilities of that applicant outside the Republic as at the last day of the last year of assessment contemplated in subsection (1). 40

Required information for application by facilitator

8. A facilitator who applies for the amnesty in terms of this Chapter, must— 45
- (a) apply jointly with an applicant on the prescribed form submitted by that applicant;
 - (b) confirm that there is no reason for that facilitator to believe that any of the foreign assets, funds or assets contemplated in section 3(1)(c) represented or were derived from proceeds of unlawful activities; and 50
 - (c) where that facilitator applies for the domestic tax relief, as contemplated in section 17, with respect to a foreign asset of the applicant contemplated in paragraph (a)—
 - (i) disclose the amounts that were not declared to the Commissioner, as required by the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962, to 55

WET OP DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN
WYSIGING VAN BELASTINGWETTE, 2003

Wet No. 12, 2003

- (ii) 'n waardasie deur 'n regeringsfeer van die land waar daardie buitelandse bate geleë is, indien;
 - (iii) wat 'n finansiële instrument uitmaak, 'n oorspronklike of gesertifiseerde afskrif van 'n rekeningstaat wat die balans of markwaarde soos op 28 Februarie 2003 aandui, indien; of
 - (iv) enige ander vorm van bewys van die waarde van daardie buitelandse bate wat die amnestie-eenheid op goeie gronde aangetoon toelaat, indien.
- (2) 'n Applikant in artikel 3(1)(b) beoog wat vir belastingverligting ten aansien van buitelandse inkomste soos in artikel 15 beoog aansoek doen, moet—
- (a) die ontvangste en toevallings vir die laaste jaar van aanslag van daardie applikant wat voor of op 28 Februarie 2003 eindig, wat verband hou met enige buitelandse bate op 28 Februarie 2003 deur daardie applikant gehou, waarvan die waarde in geheel of gedeeltelik verkry is uit ontvangste of toevallings vanuit 'n bron buite die Republiek wat nie in enige voorafgaande jaar van aanslag aan die Kommissaris verklaar is nie soos deur die Inkomstebelastingwet, 1962, vereis word, verklaar; en
 - (b) 'n beskrywing van die identifiserende eienskappe en ligging van daardie buitelandse bate insluit.
- (3) 'n Applikant in artikel 3(1)(b) beoog wat om plaaslike belastingverligting soos in artikel 17 beoog aansoek doen, moet—
- (a) die bedrae wat nie aan die Kommissaris verklaar is nie, soos deur die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, vereis, (behalwe ontvangste en toevallings in subartikel (2)(a) beoog) verklaar, in die mate wat daardie bedrae opgehoop is as of omgeskakel is na buitelandse bates;
 - (b) die datums openbaar waarop daardie bedrae aanvanklik opgehoop is as of omgeskakel is na buitelandse bates; en
 - (c) dokumentêre bewys lewer van daardie datums en daardie bedrae na 28 Februarie 1998 opgehoop as of omgeskakel na buitelandse bates.
- (4) 'n Applikant in subartikels (1), (2) en (3) beoog moet in die aansoek bevestig dat geen buitelandse bates of buitelandse toonderinstrument deur daardie applikant op 28 Februarie 2003 gehou in geheel of gedeeltelik verkry is uit die opbrengs van enige onregmatige aktiwiteite nie.

Staat van buitelandse bates en verpligtinge vir belastingverligting

7. (1) 'n Applikant in artikel 6(2) en (3) beoog wat om belastingverligting in Deel D beoog aansoek doen, moet 'n staat van bates en verpligtinge soos op die laaste dag van die laaste jaar van aanslag wat voor of op 28 Februarie 2002 eindig by die aansoek aanheg, ten opsigte van alle verklaarde buitelandse bates en verpligtinge van daardie applikant buite die Republiek, waarin alle sodanige buitelandse bates teen beide historiese koste en geraamde markwaarde aangedui word in die buitelandse geldeenheid van die land waar daardie buitelandse bate geleë is of verpligting aangegaan is.

(2) Waar 'n applikant versuim om aan subartikel (1) te voldoen, kan die Kommissaris, by die toepassing van die Inkomstebelastingwet, 1962, die historiese koste en die markwaarde van alle buitelandse bates en die bedrag van verpligtinge van daardie applikant buite die Republiek soos op die laaste dag van die laaste jaar van aanslag in subartikel (1) beoog, raam.

Vereiste inligting vir aansoek deur fasiliteerder

8. 'n Fasiliteerder wat om die amnestie ingevolge hierdie Hoofstuk aansoek doen, moet—

- (a) gesamentlik met 'n applikant op die voorgeskrewe vorm deur daardie applikant ingedien, aansoek doen;
- (b) bevestig dat daar geen rede vir daardie fasiliteerder is om te glo dat enige van die buitelandse bates, fondse of bates in artikel 3(1)(c) beoog, opbrengs uit onregmatige aktiwiteite uitgemaak het of daaruit verkry is nie; en
- (c) waar daardie fasiliteerder om die plaaslike belastingverligting in artikel 17 beoog aansoek doen ten opsigte van 'n buitelandse bate van die applikant in paragraaf (a) beoog—
 - (i) die bedrae wat nie aan die Kommissaris verklaar is nie soos deur die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, vereis

Act No. 12, 2003 **EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003**

- the extent those amounts were accumulated as or converted to foreign assets;
- (ii) disclose the dates on which those amounts were so accumulated as or converted to foreign assets; and
 - (iii) submit documentary proof of those dates and those amounts which were accumulated as or converted to foreign assets after 28 February 1998. 5

Evaluation and Approval

9. (1) If an applicant applying for exchange control relief, as contemplated in Part C, complies with section 6(1) in relation to a foreign asset, the amnesty unit must, subject to section 10, grant approval that Part C applies to the extent of the disclosure in terms of section 6(1) in respect of that foreign asset. 10

(2) To the extent that an applicant applying for tax relief in respect of foreign income, as contemplated in section 15, complies with section 6(2) in respect of any foreign asset, the amnesty unit must, subject to section 10, grant approval that section 15 applies in respect of the receipts or accruals from a source outside the Republic from which that foreign asset has been derived. 15

(3) To the extent that an applicant applying for domestic tax relief as contemplated in section 17, complies with section 6(3) in respect of any amount not declared to the Commissioner as required by the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962, which relates to a foreign asset, the amnesty unit must, subject to section 10, grant approval that section 17 applies in respect of that amount. 20

(4) To the extent that a facilitator applying for exchange control relief, as contemplated in Part C, complies with section 8, the amnesty unit must, subject to section 10, grant approval that Part C applies in respect of that facilitator.

(5) To the extent that a facilitator applying for domestic tax relief, as contemplated in section 17, complies with section 8 in respect of any amount not declared to the Commissioner as required by the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962, the amnesty unit must, subject to section 10, grant approval that section 17 applies in respect of that amount. 25

(6) The amnesty unit must deliver to an applicant or facilitator a notice of its decision to approve the application. 30

(7) The approval contemplated in subsections (1), (3), (4) and (5) is granted subject to payment of the full amount of the exchange control amnesty levy or the domestic tax amnesty levy, as the case may be, within the period prescribed in this Chapter.

Circumstances where amnesty unit may not grant approval 35

10. (1) The amnesty unit shall grant approval in terms of section 9 in respect of an applicant, only where—

- (a) that applicant delivered the application to the amnesty unit within the period commencing 1 June 2003 and ending 30 November 2003;
- (b) neither the General Manager nor the Commissioner has, before the submission of the application in terms of section 5, delivered a notice to that applicant or any facilitator in relation to that applicant, as the case may be, (or their representatives) that the applicant or facilitator, as the case may be, is subject to an audit, investigation or other enforcement action relating to—
 - (i) any contravention of the Exchange Control Regulations; or 45
 - (ii) failure to comply with the Income Tax Act, 1962, in respect of his or her foreign assets or foreign bearer instruments; or
 - (iii) undeclared amounts arising in the Republic which were accumulated as or converted to foreign assets as contemplated in section 6(3)(a), unless that notice is subsequently withdrawn by the General Manager or the Commissioner, as the case may be, by the last day of the period contemplated in paragraph (a); and 50

WET OP DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN
WYSIGING VAN BELASTINGWETTE, 2003

Wet No. 12, 2003

- word, verklaar, in die mate wat daardie bedrae opgehoop is as of omgeskakel is na buitelandse bates;
- (ii) die datums openbaar waarop daardie bedrae aldus opgehoop is as of omgeskakel is na buitelandse bates; en
 - (iii) dokumentêre bewys lewer van daardie datums en daardie bedrae na 28 Februarie 1998 opgehoop as of omgeskakel na buitelandse bates.

Evaluering en Goedkeuring

9. (1) Indien 'n applikant wat om deviesebeheerverligting soos in Deel C beoog aansoek doen, aan artikel 6(1) voldoen met betrekking tot 'n buitelandse bate, moet die amnestie-eenheid, behoudens artikel 10, goedkeuring verleen dat Deel C van toepassing is in die mate van die verklaring ingevolge artikel 6(1) ten opsigte van daardie buitelandse bate.

(2) In die mate wat 'n applikant wat om belastingverligting ten opsigte van buitelandse inkomste soos in artikel 15 beoog aansoek doen, aan artikel 6(2) voldoen ten opsigte van 'n buitelandse bate, moet die amnestie-eenheid, behoudens artikel 10, goedkeuring verleen dat artikel 15 van toepassing is ten opsigte van die ontvangste of toevallings vanuit 'n bron buite die Republiek waaruit daardie buitelandse bate verkry is.

(3) In die mate wat 'n applikant wat om plaaslike belastingverligting soos in artikel 17 beoog aansoek doen, aan artikel 6(3) voldoen ten opsigte van 'n bedrag wat nie aan die Kommissaris verklaar is nie soos deur die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, vereis word, wat op 'n buitelandse bate betrekking het, moet die amnestie-eenheid, behoudens artikel 10, goedkeuring verleen dat artikel 17 van toepassing is ten opsigte van daardie bedrag.

(4) In die mate wat 'n fasiliteerder wat om deviesebeheeramnestie soos in Deel C beoog aansoek doen, aan artikel 8 voldoen, moet die amnestie-eenheid, behoudens artikel 10, goedkeuring verleen dat Deel C ten opsigte van daardie fasiliteerder van toepassing is.

(5) In die mate wat 'n fasiliteerder wat om plaaslike belastingverligting soos in artikel 17 beoog aansoek doen, aan artikel 8 voldoen ten opsigte van 'n bedrag wat nie aan die Kommissaris verklaar is nie, soos deur die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, vereis word, moet die amnestie-eenheid, behoudens artikel 10, goedkeuring verleen dat artikel 17 ten opsigte van daardie bedrag van toepassing is.

(6) Die amnestie-eenheid moet 'n kennisgewing van die beslissing om die aansoek goed te keur aan die applikant of fasiliteerder lewer.

(7) Die goedkeuring in subartikels (1), (3), (4) en (5) beoog word verleen onderhewig aan die betaling van die volle bedrag van die deviesebeheeramnestie-heffing of die plaaslike belastingamnestieheffing, na gelang van die geval, binne die tydperk in hierdie Hoofstuk voorgeskryf.

Omstandighede waar amnestie-eenheid nie goedkeuring mag verleen nie

10. (1) Die amnestie-eenheid verleen goedkeuring ingevolge artikel 9 ten opsigte van 'n applikant, slegs waar—

- (a) daardie applikant die aansoek binne die tydperk wat op 1 Junie 2003 begin en op 30 November 2003 eindig, aan die amnestie-eenheid gelewer het;
- (b) nóg die Hoofbestuurder nóg die Kommissaris voor die indiening van die aansoek ingevolge artikel 5, aan daardie applikant of enige fasiliteerder met betrekking tot daardie applikant, na gelang van die geval, (of hulle verteenwoordigers) 'n kennisgewing gelewer het dat die applikant of fasiliteerder, na gelang van die geval, onderhewig is aan 'n audit, ondersoek of ander afdwingingsaksie wat betrekking het op—
 - (i) enige oortreding van die Deviesebeheerregulasies; of
 - (ii) versuim om aan die Inkomstebelastingwet, 1962, te voldoen, ten opsigte van sy of haar buitelandse bates of buitelandse toonderinstrumente; of
 - (iii) onverklaarde bedrae wat in die Republiek ontstaan het wat opgehoop is as of omgeskakel is na buitelandse bates soos in artikel 6(3)(a) beoog, tensy daardie kennisgewing daarna deur die Hoofbestuurder of die Kommissaris, na gelang van die geval, ingetrek is teen die laaste dag van die tydperk in paragraaf (a) beoog; en

Act No. 12, 2003 **EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003**

- (c) that applicant or facilitator, as the case may be, has confirmed that no foreign assets or foreign bearer instruments have been derived wholly or partly from the proceeds of any unlawful activities, as respectively required by sections 6(4) and 8(b).

(2) The amnesty unit shall not grant approval in terms of section 9 in respect of an applicant or facilitator, as the case may be, for tax relief contemplated in Part D, if the Commissioner has indicated that the applicant or facilitator, as the case may be, has not yet submitted an income tax return for the last year of assessment ending on or before 28 February 2003 and no extension for the submission of that return was granted by the Commissioner.

(3) The amnesty unit shall grant approval in terms of section 9 in respect of a facilitator in relation to an applicant, only where—

- (a) that facilitator submits the application jointly with that applicant as contemplated in section 8(a); and

- (b) the application of that applicant is approved.

(4) The amnesty unit must deliver to an applicant or facilitator a notice of its decision not to approve the application and must set out the reasons therefor.

Part C

Exchange Control Relief in terms of Amnesty

Imposition of exchange control amnesty levy

11. (1) An applicant with approval in terms of section 9(1) is subject to an exchange control amnesty levy in respect of the leviable amount determined in terms of subsection (2).

(2) The leviable amount equals the total market value of all foreign assets disclosed as contemplated in section 6(1)(a), reduced by—

- (a) so much of the market value of all those foreign assets as is proved by the applicant not to be held by that applicant in contravention of the Exchange Control Regulations; and

- (b) in the case of a natural person, the permissible foreign capital allowance in terms of the Exchange Control Regulations, translated to the relevant foreign currency at the exchange rate as published by the South African Reserve Bank for 28 February 2003 (to the extent that the allowance has not otherwise been availed of by the applicant).

Amount of exchange control amnesty levy

12. (1) The exchange control amnesty levy is equal to—

- (a) 5 per cent of so much of the leviable amount as is repatriated to the Republic through an authorised dealer within three months after the date of approval (otherwise than for purposes of paying the levy contemplated in paragraph (b) from foreign assets as required by section 13(2)(b)); and

- (b) 10 per cent of the leviable amount remaining after deducting the amount repatriated as contemplated in paragraph (a).

(2) The amnesty unit may extend the period contemplated in subsection (1)(a) by a further period of no more than three months—

- (a) to the extent that an applicant proves that an amount which that applicant wishes to repatriate cannot reasonably be converted into Rand within that period; or

- (b) in anticipation of an amendment to the Income Tax Act, 1962, in respect of the exemption of certain foreign dividends, where the repatriation will be effected by way of a foreign dividend.

(3) The leviable amount on which the levy is calculated in terms of subsection (1), is determined before taking into account any fees or commissions.

WET OP DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN
WYSIGING VAN BELASTINGWETTE, 2003

Wet No. 12, 2003

- (c) daardie applikant of fasiliteerder, na gelang van die geval, bevestig het dat geen buitelandse bates of buitelandse toonderinstrumente in geheel of gedeeltelik verkry is uit die opbrengs van onregmatige aktiwiteite nie, soos onderskeidelik deur artikels 6(4) en 8(b) vereis.
- (2) Die amnestie-eenheid mag nie goedkeuring ingevolge artikel 9 verleen nie ten opsigte van 'n aansoek deur 'n applikant of 'n fasiliteerder, na gelang van die geval, om belastingverligting in Deel D beoog, indien die Kommissaris aangedui het dat die applikant of fasiliteerder, na gelang van die geval, nog nie 'n inkomstebelastingopgawe vir die laaste jaar van aanslag wat voor of op 28 Februarie 2003 eindig ingedien het nie en geen uitstel vir die indiening van daardie opgawe deur die Kommissaris verleen is nie.
- (3) Die amnestie-eenheid mag goedkeuring ingevolge artikel 9 ten opsigte van 'n fasiliteerder met betrekking tot 'n applikant verleen, slegs waar—
- (a) daardie fasiliteerder die aansoek gesamentlik met daardie applikant ingedien het soos in artikel 8(a) beoog; en
- (b) die aansoek van daardie applikant goedgekeur is.
- (4) Die amnestie-eenheid moet 'n kennisgewing van sy beslissing om die aansoek nie goed te keur nie aan die applikant of fasiliteerder lewer en moet die redes daarvoor uiteensit.

Deel C**Deviesebeheerverligting ingevolge Amnestie****Oplegging van deviesebeheeramnestie-heffing**

11. (1) 'n Applikant met goedkeuring ingevolge artikel 9(1) is aan 'n deviesebeheeramnestie-heffing onderhewig ten opsigte van die hefbare bedrag ingevolge subartikel (2) bepaal.
- (2) Die hefbare bedrag is gelykstaande aan die totale markwaarde van alle buitelandse bates verklaar soos in artikel 6(1)(a) beoog, verminder met—
- (a) soveel van die markwaarde van al daardie buitelandse bates as wat deur die applikant bewys word nie deur daardie applikant in stryd met die Deviesebeheerregulasies gehou word nie; en
- (b) in die geval van 'n natuurlike persoon, die toelaatbare buitelandse kapitaal-toelae ingevolge die Deviesebeheerregulasies, omgerek na die betrokke buitelandse geldeenheid teen die wisselkoers soos deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gepubliseer vir 28 Februarie 2003 (in die mate wat die toelae nie andersins deur die applikant gebruik is nie).

Bedrag van deviesebeheeramnestie-heffing

12. (1) Die deviesebeheeramnestie-heffing is gelykstaande aan—
- (a) 5 persent van soveel van die hefbare bedrag wat na die Republiek gerepatrieer word deur 'n gemagtigde handelaar binne drie maande na die datum van goedkeuring (behalwe vir doeleindes van die betaling van die heffing in paragraaf (b) beoog uit buitelandse bates soos deur artikel 13(2)(b) vereis word); en
- (b) 10 persent van die hefbare bedrag na aftrekking van die bedrag gerepatrieer soos in paragraaf (a) beoog.
- (2) Die amnestie-eenheid kan die tydperk in subartikel (1)(a) beoog met 'n verdere tydperk van hoogstens drie maande verleng—
- (a) in die mate wat 'n applikant bewys dat 'n bedrag wat daardie applikant wil repatrieer nie redelikerwys binne daardie tydperk na Rand omgeskakel kan word nie; of
- (b) in afwagting van 'n wysiging aan die Inkomstebelastingwet, 1962, ten opsigte van die vrystelling van sekere buitelandse dividende, waar die repatriasie by wyse van 'n buitelandse dividend bewerkstellig sal word.
- (3) Die hefbare bedrag waarop die heffing ingevolge subartikel (1) bereken word, word bepaal voordat enige gelde of kommissies in berekening gebring is.

**Act No. 12, 2003 EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003**

Payment of exchange control amnesty levy

- 13.** (1) All amounts of the exchange control amnesty levy must be paid by an applicant to an authorised dealer by no later than—
- (a) in the case of the exchange control amnesty levy contemplated in section 12(1)(a), the date of repatriation and must be converted into Rand by using the ruling spot exchange rate on the date of repatriation; and 5
 - (b) in the case of the exchange control amnesty levy contemplated in section 12(1)(b), three months after the date of approval and must be converted into Rand by using the ruling spot exchange rate on the date of payment. 10
- (2) The exchange control amnesty levy—
- (a) contemplated in section 12(1)(a), must be paid from foreign funds repatriated; and 10
 - (b) contemplated in section 12(1)(b), must be paid—
 - (i) from any foreign funds not otherwise repatriated in terms of section 12(1)(a), which are accepted by an authorised dealer; or 15
 - (ii) to the extent that the applicant no longer holds any foreign assets, from any foreign funds so repatriated.
- (3) The authorised dealer must pay all amounts received in terms of subsection (1) into an account held for that purpose at the Corporation for Public Deposits established in terms of section 2 of the Corporation for Public Deposits Act, 1984 (Act No. 46 of 1984), within the period and under the terms prescribed by the Chairperson of the amnesty unit, for subsequent transfer to the National Revenue Fund. 20
- (4) The amnesty unit may extend the period contemplated in subsection (1)(b) by a further period of no more than three months—
- (a) to the extent that an applicant proves that an amount which that applicant must pay from foreign funds cannot reasonably be converted to Rand within that period; or 25
 - (b) in anticipation of an amendment to the Income Tax Act, 1962, in respect of the exemption of certain foreign dividends, where the payment of the levy will be effected by way of a foreign dividend. 30
- (5) For the purposes of this section, “foreign funds” excludes any funds denominated in the currency of any country which forms part of the Common Monetary Area for purposes of the Exchange Control Regulations or any assets held in any such country.

Exchange Control Relief

- 14.** (1) An applicant with approval in terms of section 9(1) is deemed not to have contravened the Exchange Control Regulations in respect of— 35
- (a) so much of the market value of any foreign assets disclosed in terms of section 6(1); and
 - (b) all other foreign assets which are no longer held by that applicant as at 28 February 2003, otherwise than as a result of a donation of that foreign asset by that applicant. 40
- (2) A facilitator with approval in terms of section 9(4) is deemed not to have contravened the Exchange Control Regulations in respect of any foreign asset contemplated in subsection (1) of an applicant in relation to that facilitator.

Part D

45

Tax Relief in terms of Amnesty

Exemption for undeclared foreign income

- 15.** An applicant with approval in terms of section 9(2), shall not be liable for the payment of any amount in terms of the Income Tax Act, 1962, and shall be deemed not to have committed any offence in terms of that Act, in respect of any receipts or accruals from a source outside the Republic during any year of assessment ending on or before 28 February 2002, which were not declared to the Commissioner, to the extent that those receipts or accruals represent or are included in— 50

Betaling van deviesebeheeramnestie-heffing

13. (1) Alle bedrae van die deviesebeheeramnestie-heffing moet deur 'n applikant aan 'n gemagtigde handelaar betaal word nie later nie as—
- (a) in die geval van die deviesebeheeramnestie-heffing in artikel 12(1)(a) beoog, die datum van repatriasie en moet na Rand omgeskakel word teen die heersende kontantkoers op die datum van repatriasie; en 5
 - (b) in die geval van die deviesebeheeramnestie-heffing in artikel 12(1)(b) beoog, drie maande na die datum van goedkeuring en moet na Rand omgeskakel word teen die heersende kontantkoers op die datum van betaling. 10
- (2) Die deviesebeheeramnestie-heffing—
- (a) in artikel 12(1)(a) beoog, moet uit buitelandse fondse wat gerepatrieer word, betaal word; en
 - (b) in artikel 12(1)(b) beoog, moet betaal word uit—
 - (i) enige buitelandse fondse nie andersins ingevolge artikel 12(1)(a) gerepatrieer nie, wat deur 'n gemagtigde handelaar aanvaar word; of 15
 - (ii) in die mate wat die applikant nie meer enige buitelandse bates hou nie, enige buitelandse fondse aldus gerepatrieer.
- (3) Die gemagtigde handelaar moet alle bedrae ingevolge subartikel (1) ontvang in 'n rekening vir daardie doel gehou by die Korporasie vir Openbare Deposito's ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op die Korporasie vir Openbare Deposito's, 1984 (Wet No. 46 van 1984), inbetaal binne die tydperk en kragtens die voorwaardes deur die Voorsitter van die amnestie-eenheid bepaal, vir daaropvolgende oorplasing na die Nasionale Inkomstefonds. 20
- (4) Die amnestie-eenheid kan die tydperk in subartikel (1)(b) vir 'n verdere tydperk van hoogstens drie maande verleng—
- (a) in die mate wat 'n applikant bewys dat 'n bedrag wat daardie applikant uit buitelandse fondse moet betaal nie redelikerwys binne daardie tydperk na Rand omgeskakel kan word nie; of 25
 - (b) in afwagting van 'n wysiging aan die Inkomstebelastingwet, 1962, ten opsigte van die vrystelling van sekere buitelandse dividende, waar die betaling van die heffing by wyse van 'n buitelandse dividend bewerkstellig sal word. 30
- (5) By die toepassing van hierdie artikel sluit "buitelandse fondse" nie in nie enige fondse wat in die geldeenheid van 'n land wat vir doeleindes van die Deviesebeheerregulasies deel van die Gemeenskaplike Monetêre Gebied uitmaak, aangedui is of enige bates in so 'n land gehou. 35

Deviesebeheerverligting

14. (1) 'n Applikant met goedkeuring ingevolge artikel 9(1) word geag nie die Deviesebeheerregulasies te oortree het nie ten opsigte van—
- (a) soveel van die markwaarde van 'n buitelandse bate ingevolge artikel 6(1) verklaar; en 40
 - (b) alle ander buitelandse bates wat nie meer deur daardie applikant op 28 Februarie 2003 gehou is nie, behalwe weens 'n skenking van daardie buitelandse bate deur daardie applikant.
- (2) 'n Fasiliteerder met goedkeuring ingevolge artikel 9(4) word geag nie die Deviesebeheerregulasies te oortree het nie ten opsigte van 'n buitelandse bate in subartikel (1) beoog van 'n applikant met betrekking tot daardie fasiliteerder. 45

Deel D**Belastingverligting ingevolge Amnestie****Vrystelling vir onverklaarde buitelandse inkomste**

15. 'n Applikant met goedkeuring ingevolge artikel 9(2) is nie aanspreeklik vir die betaling van enige bedrag ingevolge die Inkomstebelastingwet, 1962, nie en word geag nie enige misdryf ingevolge daardie Wet te gepleeg het nie, ten opsigte van enige ontvangste of toevallings vanuit 'n bron buite die Republiek gedurende enige jaar van aanslag wat voor of op 28 Februarie 2002 geëindig het, wat nie aan die Kommissaris verklaar is nie, in die mate wat daardie ontvangste of toevallings— 50 55

**Act No. 12, 2003 EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003**

- (a) any foreign asset in respect of which that applicant has made disclosure in terms of section 6(2); or
- (b) any other foreign asset which is no longer held by that applicant as at 28 February 2003, otherwise than as a result of a donation of that foreign asset by that applicant.

5

Imposition and payment of domestic tax amnesty levy

16. (1) An applicant or facilitator with approval in terms of section 9(3) or 9(5), as the case may be, is subject to a domestic tax amnesty levy equal to 2 per cent of the amount disclosed in terms of section 6(3) or 8(c), as the case may be, converted to Rand at the exchange rate as published by the South African Reserve Bank for the date of accumulation or conversion contemplated in that section.

10

(2) The applicant or facilitator, as the case may be, must pay the domestic tax amnesty levy into the account contemplated in section 13(3) held at the Corporation for Public Deposits, within a period of three months after the date of approval, for subsequent transfer to National Revenue Fund.

15

Exemption for undeclared amounts arising in Republic

17. (1) An applicant with approval in terms of section 9(3) shall not be liable for the payment of any tax or duty—

- (a) in respect of any amount which is equal to the amount accumulated as or converted to foreign assets, as disclosed in terms of section 6(3); and
- (b) which could have been imposed in terms of the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962, on or before the date of that accumulation or conversion,

20

and that applicant shall be deemed not to have committed any offence in terms of those Acts to the extent of any amount so disclosed.

25

(2) A facilitator with approval in terms of section 9(5) shall not be liable for the payment of any tax or duty—

- (a) in respect of any amount which is equal to the amount accumulated as or converted to foreign assets, as disclosed in terms of section 8(c); and
- (b) which could have been imposed in terms of the Estate Duty Act, 1955, or the Income Tax Act, 1962, on or before the date of that accumulation or conversion,

30

and that facilitator shall be deemed not to have committed any offence in terms of those Acts to the extent of any amount so disclosed.

Circumstances where tax relief does not apply

35

18. This Part does not apply in respect of any amount which—

- (a) had already been paid as at the date of application contemplated in section 5; or
- (b) is payable or becomes payable by an applicant or facilitator in consequence of any return or information furnished to the Commissioner by that applicant or facilitator, as the case may be, or any representative of that applicant or facilitator, as the case may be, before the date of that application.

40

Disallowance of deductions, allowances, losses and rebates

19. An applicant or facilitator may not claim any—

- (a) deduction, allowance, assessed loss or assessed capital loss; or
- (b) rebate in respect of any foreign taxes payable,

45

which relates to any amount in respect of which section 15 or 17 applies.

WET OP DEVIESEBEHEERAMNESTIE EN
WYSIGING VAN BELASTINGWETTE, 2003

Wet No. 12, 2003

- (a) 'n buitelandse bate ten opsigte waarvan daardie applikant ingevolge artikel 6(2) 'n verklaring gedoen het, uitmaak of daarby ingesluit is; of
- (b) enige ander buitelandse bate wat nie meer deur daardie applikant op 28 Februarie 2003 gehou is nie behalwe weens 'n skenking van daardie buitelandse bate deur daardie applikant, uitgemaak het of daarby ingesluit was. 5

Oplegging en betaling van plaaslike belastingamnestieheffing

16. (1) 'n Applikant of fasiliteerder met goedkeuring ingevolge artikel 9(3) of 9(5), na gelang van die geval, is onderhewig aan 'n plaaslike belastingamnestieheffing gelykstaande aan 2 persent van die bedrag verklaar ingevolge artikel 6(3) of 8(c), na gelang van die geval, omgeskakel na Rand teen die wisselkoers soos deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gepubliseer vir die datum van ophoping of omskakeling in daardie artikel beoog. 10

(2) Die applikant of fasiliteerder, na gelang van die geval, moet die plaaslike belastingamnestieheffing in die rekening in artikel 13(3) beoog by die Korporasie vir Openbare Deposito's inbetaal binne 'n tydperk van drie maande na die datum van goedkeuring, vir daaropvolgende oorplasing na die Nasionale Inkomstefonds. 15

Vrystelling vir onverklaarde bedrae wat in Republiek ontstaan

17. (1) 'n Applikant met goedkeuring ingevolge artikel 9(3) is nie aanspreeklik vir die betaling van enige belasting of reg nie— 20

- (a) ten aansien van 'n bedrag gelykstaande aan die bedrag opgehoop as of omgeskakel na buitelandse bates soos ingevolge artikel 6(3) verklaar; en
- (b) wat ingevolge die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, voor of op die datum van daardie ophoping of omskakeling opgelê kon word, 25

en daardie applikant word geag nie enige misdryf ingevolge daardie Wette te gepleeg het nie in die mate van enige sodanige bedrag aldus verklaar.

(2) 'n Fasiliteerder met goedkeuring ingevolge artikel 9(5) is nie aanspreeklik vir die betaling van enige belasting of reg nie—

- (a) ten aansien van enige bedrag wat gelykstaande is aan die bedrag opgehoop as of omgeskakel na buitelandse bates soos ingevolge artikel 8(c) verklaar; en 30
- (b) wat ingevolge die Boedelbelastingwet, 1955, of die Inkomstebelastingwet, 1962, voor of op die datum van daardie ophoping of omskakeling opgelê kon word, 35

en daardie fasiliteerder word geag nie enige misdryf ingevolge daardie Wette te gepleeg het nie in die mate van enige sodanige bedrag aldus verklaar.

Omstandighede waar belastingverligting nie van toepassing is nie

18. Hierdie Deel is nie van toepassing nie ten opsigte van enige bedrag wat—

- (a) reeds op die datum van aansoek in artikel 5 beoog betaal is; of
- (b) betaalbaar is of word deur 'n applikant of fasiliteerder weens 'n opgawe of inligting voor die datum van daardie aansoek deur daardie applikant of fasiliteerder, na gelang van die geval, of enige verteenwoordiger van daardie applikant of fasiliteerder, na gelang van die geval, aan die Kommissaris voorsien. 40

Nie-toelating van aftrekkings, verminderings, verliese en kortings 45

19. 'n Applikant of fasiliteerder kan nie enige—

- (a) aftrekking, vermindering, vasgestelde verlies of vasgestelde kapitaalverlies; of 40
- (b) korting ten opsigte van enige buitelandse belasting wat betaalbaar is, wat betrekking het op enige bedrag ten opsigte waarvan artikel 15 of 17 van toepassing is, eis nie. 50

Act No. 12, 2003 EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003

Part E

Invalidity of Approval and Review of Decision

Invalidity of approval

- 20.** (1) Any approval granted in terms of section 9 in respect of an applicant or facilitator shall be void— 5
- (a) in respect of the tax relief contemplated in section 15 or 17, where the applicant or facilitator, as the case may be, fails to submit the tax return for the last year of assessment ending on or before 28 February 2003 by 29 February 2004; or
 - (b) where it is at any stage determined that any foreign asset or foreign bearer instrument of an applicant wholly or partly represents or has been derived from the proceeds of any unlawful activities. 10
- (2) Where any approval is void by virtue of the provisions of subsection (1)(b), any amount of the exchange control amnesty levy or domestic tax amnesty levy which has been paid by an applicant or facilitator based on any such approval shall not be refunded to that applicant or facilitator, as the case may be. 15

Objection against decision of amnesty unit

- 21.** (1) Any applicant or facilitator aggrieved by a decision of the amnesty unit under this Chapter to deny approval, may lodge an objection to the Chairperson of the amnesty unit and must deliver notice of the objection to the Chairperson within 30 days after the date of delivery of the notice contemplated in section 10(4). 20
- (2) The Chairperson must refer the matter to a panel consisting of one senior person each from the South African Revenue Service and the Exchange Control Department respectively, co-opted by the amnesty unit for the purpose of reconsidering the application. 25
- (3) An applicant or facilitator who is dissatisfied with the decision of the panel contemplated in subsection (2), may appeal against the decision of the Chairperson to the tax court contemplated in section 83(2) of the Income Tax Act, 1962, and the provisions of Part III of Chapter III of that Act and the rules relating thereto shall apply *mutatis mutandis*. 30
- (4) The tax court contemplated in subsection (3) shall have the jurisdiction to hear any appeal noted in terms of this Chapter.

Part F

Establishment and Procedures relating to Amnesty Unit

Establishment

- 22.** (1) There is hereby established a body to be known as the amnesty unit. 35
- (2) The amnesty unit acts as an independent body that evaluates all applications for amnesty and grants or denies approval in respect of any such application.

Constitution

- 23.** (1) The amnesty unit consists of— 40
- (a) a Chairperson appointed by the Minister;
 - (b) at least four persons from the South African Reserve Bank and at least four persons from the South African Revenue Service, respectively appointed by the Minister to evaluate the applications for amnesty;
 - (c) support personnel seconded by the South African Reserve Bank and the South African Revenue Service, respectively, to deal with the administrative functions of the amnesty unit; and 45
 - (d) any other support personnel appointed by the Chairperson.
- (2) The Minister must consult the Governor and the Commissioner before appointing the persons contemplated in subsection (1)(a) and (b). 50

Deel E**Ongeldigheid van Goedkeuring en Hersiening van Beslissing****Ongeldigheid van goedkeuring**

20. (1) Enige goedkeuring ingevolge artikel 9 verleen ten opsigte van 'n applikant of 'n fasiliteerder is ongeldig— 5
- (a) ten opsigte van die belastingverligting in artikel 15 of 17 beoog, waar die applikant of fasiliteerder, na gelang van die geval, versuim om die belastingopgawe vir die laaste jaar van aanslag wat op of voor 28 Februarie 2003 eindig, teen 29 Februarie 2004 in te dien; of
 - (b) waar daar op enige stadium vasgestel word dat 'n buitelandse bate of buitelandse toonderinstrument van 'n applikant in geheel of gedeeltelik bestaan of verkry is uit die opbrengs van onregmatige aktiwiteite. 10
- (2) Waar enige goedkeuring uit hoofde van die bepalings van subartikel (1)(b) nietig is, word enige bedrag van die deviesebeheeramnestie-heffing of plaaslike belasting-amnestieheffing wat deur 'n applikant of fasiliteerder betaal is op grond van daardie goedkeuring, nie aan die applikant of fasiliteerder, na gelang van die geval, terugbetaal nie. 15

Beswaar teen beslissing van amnestie-eenheid

21. (1) 'n Applikant of fasiliteerder wat veronreg is deur 'n beslissing om goedkeuring te weier van die amnestie-eenheid kragtens hierdie Hoofstuk, kan 'n beswaar by die Voorsitter van die amnestie-eenheid indien en moet kennis van die beswaar binne 30 dae na die datum van lewering van die kennisgewing in artikel 10(4) beoog, aan die Voorsitter lewer. 20
- (2) Die Voorsitter moet die aangeleentheid verwys na 'n paneel wat bestaan uit een senior persoon elk van onderskeidelik die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en die Departement Deviesebeheer, wat vir doeleindes van heroorweging van die aansoek deur die amnestie-eenheid gekoöpteer is. 25
- (3) 'n Applikant of fasiliteerder wat ontevrede is met die beslissing van die paneel in subartikel (2) beoog, kan na die belastinghof in artikel 83(2) van die Inkomste-belastingwet, 1962, beoog, appelleer teen die beslissing van die Voorsitter, en die bepalings van Deel III van Hoofstuk III van daardie Wet en die reëls wat daarop betrekking het, geld *mutatis mutandis*. 30
- (4) Die belastinghof in subartikel (3) beoog het regsbevoegdheid om enige appèl ingevolge hierdie Hoofstuk aan te hoor. 35

Deel F**Instelling en Prosedures wat met Amnestie-eenheid verband hou****Instelling**

22. (1) Daar word hierby ingestel 'n liggaam wat as die amnestie-eenheid bekend staan. 40
- (2) Die amnestie-eenheid tree op as onafhanklike liggaam wat alle aansoeke vir amnestie evalueer en goedkeuring ten opsigte van sodanige aansoeke verleen of weier.

Samestelling

23. (1) Die amnestie-eenheid bestaan uit—
- (a) 'n Voorsitter deur die Minister aangestel;
 - (b) minstens vier persone van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en minstens vier persone van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, onderskeidelik deur die Minister aangestel, om die aansoeke om amnestie te evalueer; 45
 - (c) ondersteuningspersoneel, onderskeidelik deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens gesekondeer om met die administratiewe funksies van die amnestie-eenheid te handel; en
 - (d) enige ander ondersteuningspersoneel deur die Voorsitter aangestel. 50
- (2) Die Minister moet met die President en die Kommissaris oorleg pleeg voor die aanstelling deur die Minister van die persone in subartikel (1)(a) en (b) beoog.

Act No. 12, 2003 EXCHANGE CONTROL AMNESTY AND AMENDMENT
OF TAXATION LAWS ACT, 2003

Powers, functions and duties

24. (1) The amnesty unit—
- (a) evaluates all applications for amnesty contemplated in section 5; and
 - (b) grants or denies approval of an application in terms of this Chapter.
- (2) The powers and functions of the amnesty unit must not, subject to Parts C and D, be construed to interfere with the powers and functions assigned to the General Manager by the Minister in terms of the Exchange Control Regulations or assigned to the Commissioner in terms of any Act administered by him or her, in so far as those powers and functions of the General Manager or Commissioner relate to—
- (a) the interpretation of those Regulations or any such Act;
 - (b) the exercise of a discretion conferred on the General Manager or Commissioner by those Regulations or any such Act; or
 - (c) the determination by the Commissioner of the liability of a person for any tax or duty in terms of any such Act.
- (3) The provisions of section 4 of the Income Tax Act, 1962, (but excluding section 4(1)(c)(iii)) relating to secrecy and the waiver thereof shall, subject to the provisions of this Chapter, apply *mutatis mutandis* in respect of any member of the amnesty unit.
- (4) Despite section 4 of the Income Tax Act, 1962, and section 33 of the South African Reserve Bank Act, 1989 (Act No. 90 of 1989), the Commissioner and the General Manager may provide such information to the amnesty unit as is necessary for it to perform its functions in terms of this Chapter.
- (5) Any action taken by the amnesty unit outside its authority under this Chapter shall be void.

Disclosure of interest

25. A member of the amnesty unit who has a personal or financial interest in any matter on which the amnesty unit must decide, must disclose that interest and withdraw from the proceedings of the amnesty unit when that matter is being considered and evaluated.

Records, provision and use of information

26. (1) A copy of the approved application (including all information submitted therewith, but without reflecting any names of persons who have not jointly applied with the applicant for amnesty) granted in terms of—
- (a) section 9(1) and 9(4) must be submitted to the General Manager, which shall be used by the General Manager to amend the records of the South African Reserve Bank; and
 - (b) section 9(2), 9(3) and 9(5) must be submitted to the Commissioner to update the register of the South African Revenue Service,
- to give effect to the objectives of the exchange control amnesty and accompanying tax measures.
- (2) Notwithstanding any provision of any other Act, the amnesty unit, the Commissioner and the General Manager may not request details from the applicant or facilitator with regard to any person—
